# -ng in die middel

BI.10

vinger



langer



sanger



honger



menger

belangrik



banger

slinger



hengel



angel



stingel

# Onthou!

Kyk mooi na die –nk klank.

Ons hoor die ng klank met 'n k-klank by.

# passop!

Wanneer die k langs die *n* geskryf word, verdwyn die g.

| | | | |
|---|---|---|---|
| lang | Daar staan 'n lang leer teen die muur. | lank | Die meisie se hare is lank. |
| rang | Kaptein is 'n hoë rang in die weermag. | rank | Die plant rank teen die pilaar. |
| bang | Die seun is bang vir slange. | bank | Daar is 'n gemaklike rusbank in die sitkamer. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **ding** | Daar het vandag 'n snaakse ding by die skool gebeur. | **dink** | Jy moet mooi dink wanneer jy toets skryf. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **sing** | Die koor sing 'n mooi lied. | **sink** | 'n Klip kan nie dryf nie, dit sal sink. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **jong** | Die jong man speel krieket. | **jonk** | My juffrou is nie oud nie, sy is nog jonk. |